

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

KONSEP TAALBELEID

1. INLEIDING

- 1.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika maak voorsiening vir elf amptelike tale en erken die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van die mense van Suid-Afrika (Art 6).
- 1.2 Dit bepaal verder dat almal 'n reg het om hul eie taal te gebruik en om deel te neem in die kulturele lewe van hul keuse (Art 30).
- 1.3 Munisipaliteite word deur die Grondwet en die Wet op Munisipale Stelsels beveel om die taalgebruike en-voorkeure van hul inwoners in ag te neem in hul kommunikasie, met inbegrip van die spesiale behoeftes van die mense wat nie kan lees of skryf nie.
- 1.4 Die Nasionale Taalbeleid Raamwerk bepaal dat by die bepaling van die taalgebruik en-voorkeure van gemeenskappe, plaaslike regering, in breë oorleg met hulle gemeenskappe, 'n veeltalige beleid moet ontwikkel, publiseer en implementeer.
- 1.5 Volgens die resultate van die laaste sensus is die tale in die Wes-Kaap, in volgorde van oorheersing, Afrika, isiXhosa en Engels. Die algemene voertaal van die regering is egter steeds Engels wat as gemene deler gesien word.
- 1.6 Dit is in hierdie gees dat die Kaap Agulhas Munisipaliteit hierdie Taalbeleid saamgestel het.

2. DOELWITTE

Die doelwitte van hierdie beleid sluit die volgende in:

- 2.1 Om die billike gebruik van die twee hoof amptelike gebruikstale in Kaap Agulhas, naamlik Afrikaans en Engels te bevorder, terwyl isiXhosa waar toepaslik as voertaal gebruik word.
- 2.2 Om toegang tot regeringsdienste, kennis en inligting te fasiliteer.
- 2.3 Om die regstelling van die wanbalanse van die verlede in die gebruik van tale te verseker.
- 2.4 Om burgers aan te moedig en te ondersteun om ander amptelike tale as hul eie te leer wat jou sal help in die bereiking en handhawing van nasionale eenheid en kulturele diversiteit.
- 2.5 Om billike gebruik van tale te verseker deur die bevordering van goeie taalbestuur.
- 2.6 Om gevolg te gee aan die bepalings van die Grondwet en Batho Pele-beginsels en verwante wetgewing en beleide.
- 2.7 Die werkstale vir Kaap Agulhas Munisipaliteit in amptelike kommunikasie te bepaal.
- 2.8 Om voorkeur te verleen aan die werkstale vir die Munisipaliteit.

- 2.9 Om alle taal hindernisse te verwyder en sodoende die bevordering van gelyke toegang tot munisipale programme en dienste te verseker.

3. OMVANG

Die bepalinge van hierdie beleid is van toepassing op alle afdelings van die Munisipaliteit, met inbegrip van entiteite.

4. BEPALINGS VIR DIE GEBRUIK VAN AMPTELIKE TALE

4.1 VERGADERINGS

- 4.1.1 Enige van die twee werk tale van die Munisipaliteit mag gebruik word in enige debatte en ander verrigtinge van die Raad en sy komitees.

- 4.1.2 Tydens die sittings van die Raad en sy komitees moet daar voorsiening vir tolkdienste in een van die werkstale wees. In die geval van 'n lid wat die verrigtinge in 'n ander taal as die werkstale geïnterpreteer benodig, moet sodanige lid voldoende kennis van die behoefte vir interpretasie gee aan die voorsitter van die Raad of betrokke komitee verleen.

- 4.1.3 Gebaretaal moet vooraf gereël word op versoek.

- 4.1.4 'n Vergadering of verhoor met die publiek en of enige openbare deelname gebeurtenis moet gedoen word in enigeen van die twee werk tale, afhangende van die taalvoorkeur van daardie gehoor. Indien daar lede van die publiek is wat nie die taal van voorkeur verstaan nie, moet die interpretasie verskaf word via vooraf reëling.

4.2 BELEID EN VERORDENINGE

Beleide, verordeninge en besluite van die Raad en sy komitees moet geskryf word in beide tale van die Munisipaliteit, onderhewig aan finansiële beperkings.

4.3 KENNISGEWINGS EN ADVERTENSIES

Alle amptelike kennisgewings en advertensies wat vir algemene openbare inligting gepubliseer word, moet in Afrikaans en Engels geplaas word.

4.4 KORRESPONDENSIE

- 4.4.1 Afrikaans of Engels kan gebruik word vir die doeleindes van interne skriftelike kommunikasie. Indien die geadresseerde nie die taal wat gebruik word verstaan nie, kan

hy / sy versoek dat kommunikasie met haar / hom in 'n taal wat hy / sy verstaan gedoen word.

4.4.2 Omsendbriewe moet uitgereik word in beide werkstale.

4.4.3 Interne mondelinge kommunikasie kan wees in Afrikaans, Engels of isiXhosa, afhangende van die individue wat in gesprek is.

4.4.4 Eksterne kommunikasie moet in een van die werkstale, met inagneming van die taalvoorkeur van die ontvanger, wees. Reaksie op eksterne kommunikasie moet ooreenstem met die taal van die oorspronklike kommunikasie onderworpe daaraan dat dit een van die amptelike tale van die Wes-Kaap is een onderworpe aan die bepalings van item 5.4.5.

4.4.5 Weens die hoë koste en tydsaspek verbonde aan vertaling en met inagneming dat Engels as voertaal van die regering gebruik word, sal die volgende dokumente slegs in Engels beskikbaar gestel word:

- (a) Jaarverslag
- (b) Oorsigverslag
- (c) Finansiële state
- (d) Ruimtelike ontwikkelingsraamwerk
- (e) Meesterbeplanningsdokumente
- (f) Gelyke Indiensnemingsverslag
- (g) Enige dokument bepaal deur die Munisipale Bestuurder

4.4.6 Uitgaande korrespondensie moet 'n aanduiding insluit dat die ontvanger die korrespondensie in een van die ander amptelike tale van die Wes-Kaap as die een waarin dit geskryf is, mag versoek.

4.4.7 Burgers het 'n reg om te kommunikeer in die taal van hul keuse, maar moet dit geskied met inagneming van die beskikbare hulpbronne van die owerheid.

4.5 **INLIGTINGSBORDE**

Inligtingstekens van en aanwysings na die munisipale kantore of fasiliteite moet in die amptelike tale van die Wes-Kaap wees.

4.6. **KLIËNTEDIENS**

Alle kliënte moet bedien word in hul voorkeurtaal, met die hulp van tolke, waar nodig, en in die erkenning van die beskikbare hulpbronne van die munisipaliteit.

5. IMPLEMENTERING

5.1 STRATEGIEË

- 5.1.1 Die Munisipaliteit moet verseker dat beide raadslede en personeel sensitief is vir die waarde van veeltaligheid en die taalgebruik en -voorkeure van die inwoners / kliënte en moet die akkommodering van veeltaligheid aangemoedig word.
- 5.1.2 Die Munisipaliteit moet die taalvaardigheid van beide personeel en raadslede aktief aanmoedig, ondersteun en ontwikkel.
- 5.1.3 By die werwing van nuwe personeel van die Munisipaliteit moet die betrokke personeellid ingelig word oor die taalbeleid van die owerheid.

6.2 TYDRAAMWERKE VIR IMPLEMENTERING

- 6.2.1 Tensy anders vermeld in hierdie beleid, of deur 'n resoluëie van die Raad, sal die bepalings van hierdie beleid in werking tree na goedkeuring deur die Raad.

7. FINANSIËLE IMPLIKASIES

Die verskillende afdelings van die Kaap Agulhas Munisipaliteit moet in hul begrotings voorsiening maak vir die implementering van die taalbeleid, bv. Die ontwikkeling van taalvaardighede van personeel en raadslede, belê in vertaling en vertolking infrastruktuur.